

## SKOONHEID

# Spuit jou plooië weg

**Ouderdom druk mettertyd sy stempel op almal af. Maar lê die wapen teen plooië en lyne dalk in spuitnaalde opgesluit? Celinda Groenewald het meer oor gesigvullers gaan uitvind.**

**D**it is 'n veranderingsproses wat stelselmatig plaasvind, maar een oggend kyk jy in die spieël en besef: "Ek lyk oud! Wat het gebeur?"

Dit is hoofsaaklik 'n verlies aan volume wat 'n mens se gesig ouer laat lyk, sê dr. Deon van der Westhuizen, 'n lid van die vereniging van plastiese en rekonstruktiewe chirurgie van Suid-Afrika.

Hy verwys na die area onder die onderste ooglede, wat die wange, bolip en lyntjies wat van die neus tot die buitenste mondhoëke strek (nasolabiale voue), insluit.

Soos 'n mens verouder, veroorsaak klein veranderinge aan die beenstruktuur en die agteruitgang van sagte weefsel dat been deur die vel begin wys.

Wange sak dan in, wat die gesig vernou en wangbene prominenter laat vertoon.

Sagte weefsel wat rondom die keel uitsak, verbreed 'n mens se gesig om die kakebeen, en jou neus begin insak soos been om die neusgate inkrimp.

Dit verleng weer die bolip sodat dit verder oor die botande hang en daarmee saam beweeg die kakebeen ook effens opwaarts.

Die hoogte van die gesig krimp dus verder in.

Al dié veranderinge maak die nasolabiale voue boonop sigbaarder.



Is gesigvullers die antwoord vir 'n verlengde jeug?

Foto: THINKSTOCK

## Anders as Botox

Hoewel gesigsverjonging soos plastiese chirurgie 'n oplossing bied, is daar ook nie-chirurgiese alternatiewe in die vorm van gesigvullers.

Dié vullers bestaan uit 'n jellagtige stof wat onder die vel ingespuet word om verlore volume op te vul en voue uit te stryk.

Dit werk anders as inspuitings teen plooië soos Botox, wat 'n mens se spiere laat ontspan sodat lyntjies nie so diep lyk nie.

"Met vullers sit ons fisiek volume terug in die gesig, wat dan die vel en spiere groter ondersteuning gee om die gesigvorm te herstel," sê Van der Westhuizen.

Die vullers kan op hul eie of saam met ander metodes van nie-chirurgiese verjonging gebruik word om die subtiliteit van die resultate te verseker en dit langer te laat hou.

Die herhaalde gebruik van die vullers stimuleer glo boonop die vel om meer kollageen te produseer, wat dan ook die resultate verbeter.

Vullers soos Juvéderm en Restylane word van 'n sintetiese hialuroonsuur gemaak X 'n na-

## Hamsterwange en baberlippe

Is daar werklik 'n gevaar dat jy soos sekere Hollywood-sterre met opgeblaaide wange en rubberlippe uit 'n gesigvuller-prosedure sal kom?

Volgens dr. Maureen Allem, stigter van Skin Renewal, gebeur dit slegs wanneer 'n mens deur 'n onervare, oorywerige inspuiter behandel word wat nie weet wat hy doen nie.

"Herhaalde inspuitings in die liparea en rokerlyne kan 'n onnatuurlike forrelvoorkoms gee. Rokerlyne kan slegs een of twee keer met vullers ingespuet word. As daar steeds

plooië is, moet ander metodes, soos lasers, 'n Dermapen of Carboxy- of Meso-terapie gebruik word," sê Allem.

"Vullers wat verkeerdlik in wange ingespuet word, kan jou 'n geswelde kussingvoorkoms gee. Maar indien dit deur 'n ervare inspuiter met 'n betroubare praktyk toegedien word, is die kans dat dit gebeur baie skraal."

Allem sê Suid-Afrikaners is konserwatiewer as Amerikaners met estetiese behandelings.

tuurlike suiker in die vel wat help om volume en elasticiteit te handhaaf. Daar is meer as 40 soorte vullers waarvan die hialuroonsuurgroep een is.

Dié produk word stadigaan afgebreek en jy kan dit laat verfris of verwyder indien dit probleme veroorsaak.

Om van meer permanente vullers ontslae te raak, sal 'n operasie verg.

Dr. Maureen Allem, stigter van Skin Renewal, waarsku dat permanente vullers berug is daarvoor dat dit jare daarna nog

komplikasies soos nodules en granulomas veroorsaak.

### Voorkombare komplikasies

Die kenners is dit eens: Indien jy 'n goed opgeleide en kundige mediese dokter vir dié prosedure nader, is die kans op nuwe-effekte en komplikasies baie skraal en beslis voorkombaar.

"Vullers wat verkeerdlik in wange ingespuet word, kan 'n geswelde voorkoms veroorsaak.

"Oppervlakkige toediening kan weer 'n blou tint, oftewel die Tyndall-effek, gee," sê



Meg Ryan laat die skindertongeklap met haar "opgeblaaide" voorkoms. Foto: GETTY IMAGES

Allem.

Die voorkombare nuwe-effekte is onder meer rooi knoppe as gevolg van hiper-sensitiwiteit, 'n biofilm-infeksie (wanneer byvoorbeeld kolonies bakterieë 'n "skild" vorm wat hulle beskerm teen antibiotika) en beskadiging van die bloedvate in. Volgens Van der Westhuizen is die nuwe soort meer vloeiende vullers makliker om te gebruik.

Die kneusing en swelling is minder en die resultate is meer voorspelbaar en subtieler en kan tot 18 maande hou.

## Die prys van jeugdigheid

Volgens dr. Maureen Allem, die stigter van Skin Renewal, vra pasiënte so jonk as 20 tot mense in hul 70's vir vullerbe-handeling.

"Die 20-jariges vra gewoonlik vir voller lippe of wil donker sirkels onder hul oë verbeter, terwyl die ouer pasiënte volume wil herstel en algemene verjonging verlang," sê Allem. Die koste van dié soort vullers hang dikwels af van hoeveel volume verlore is, asook die hoeveelheid plooië en voue. 'n Mens betaal sowat R3 000 per inspuiting.

"30-jariges kort gewoonlik een of twee vullers, 40-jariges drie of vier en pasiënte oor 50 verlang vyf of meer," sê sy. Sodra die totale hoeveelheid vullers oor 'n sekere tydperk toegedien is, moet 'n mens sowat een vuller per jaar kry. "Vullers hou gewoonlik enigiets van een tot twee jaar, terwyl Botox sowat drie maande hou." Vullers se voordeel oor 'n lang tydperk is volgens Allem dat dit kollageenproduksie verbeter. "Selfs al het die vuller oor 'n tydperk van 12 tot 18 maande verdwyn, strek die effek daarvan langer."

Volgens die Raad op Gesondheidsberoepes (RGB) mag vullers slegs deur goed opgeleide en geregistreerde dokters toegedien word.

Dié vereiste word ongelukkig nie streng genoeg gereguleer nie.

"Wees bewus daarvan dat daar skoonheidsterapeute, verpleegsters en ongeregistreerde persone is wat sulke prosedures doen," sê Allem.

"Dit is beter om vuller-prosedures in 'n ordentlike mediese praktyk te ontvang en nie in 'n skoonheidsalon waar die toerusting of kennis om komplikasies te hanteer, nie beskikbaar is nie."

### Spuit oordeelkundig

Van der Westhuizen maan dat sulke behandeling nie 'n wonderkuur is nie.

"Dit is noodsaaklik dat dokters nou met hul pasiënte saamwerk en probleemareas op 'n individuele basis evalueer.

"Almal het 'n unieke gesigstruktuur en DNS wat bepaal hoe hulle verouder en hulle word ook aan verskillende vlakke van omgewingskade blootgestel." Hy glo plooië en lyne is 'n evolusionêre aanduiding van volwassenheid en wysheid en dat 'n mens versigtig moet wees om dit totaal van die gesig te verwyder.

"Ons het die keuse om tekens van veroudering te behou as sagte fokuspeunte wat karakter gee, maar indien dit so skerp raak dat dit die (gesig se) hoof-fokuspeunte is, lei dit ook die aandag weg van 'n persoon se ander eienskappe," sê Van der Westhuizen.